

Inhoud Hierdie preek wys hoe Christus ons deur sy Gees regeer: Christus maak God se beloftes waar, en Hy maak dit deur die Heilige Gees ook geldig en werklik binne in ons en ons lewe. Christus maak God se beloftes seëninge binne in ons. Mense kan nooit geestelike tussengangers tussen God en mense word om as spirituele vaderfigure, spirituele leiers en leermeesters in ons lewe op te tree nie. Hulle maak nie God se beloftes in ons waar nie maar skep nuwe spirituele wette om ons kamstig deel van God se eie lewe, krag en persoon te maak. Dit is afgodsdienste.

Skriflesing Handeling 2: 32 – 36; Efesiërs 1: 3 – 8, 14; Matteus 23: 1 – 3, 8.

Teks Efesiërs 1: 3: “Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus. Dit is Hy was ons geseën het met elke geestelike seëning in die hemel.

Tema Christus maak God se belofte seëninge in ons

1. Ons vier vandag Pinkstersondag! Dit is die fees waarin ons herdenk dat Christus vir ons die Heilige Gees gee. Pinkster is nog 'n Christusfees net soos Kersfees, lydenstyd, Paasfees en hemelvaart. In elkeen van hierdie feeste vir ons iets spesifiek wie Christus is en doen. Met Kersfees vier ons sy geboorte waarin Hy God is wat mens geword het; Met lydenstyd vier ons sy lyding vir ons sonde; met Paasfees vier ons sy kruisiging, dood en opstanding as mens uit die graf en met Pinkster vier ons sy ontvang en gee van die Heilige Gees. Petrus kondig dit só aan in Hand. 2: 33: “Nadat Hy aan die regterhand van God verhoog is en die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang het, het Hy die Gees uitgestort.”

Pinksterfees is 'n Christusfees! Dit vier Christus se ontvang en gee van die Heilige Gees aan sy kerk.

Ons moet onderskei tussen wie Christus is en wat Hy doen en die tekens wat bevestig het dat Hy die Christus is. Die tekens by Pinksterfees was die geluid van 'n stormwind, nie 'n regte stormwind nie; tonge wat soos vuur lyk wat op die dissipels afdaal, nie regte vuur nie en die taalwonder dat die dissipels die evangelie van Jesus in Aramees verkondig, aar elke besoeker by die Pinksterfees in Jerusalem hoor dit in hul eie taal: Romeine hoor dit in Latyn, Perse in Persies en Egiptenare in Kopties. Met elkeen van die Here se groot reddingsdade was daar tekens wat bevestig Hy is die Christus. Met sy geboorte was dit die ster van Bethlehem, met sy dood die sonsverduistering, die voorhangsel van die tempel wat skeur en aardbewing wat grafte laat oop gaan het, met sy opstanding 'n aardbewing en met sy opstanding 'n wolk en twee engele.

Hierdie tekens is eenmalig maar wie Christus is en wat Hy doen, is vir altyd.

Die ster van Bethlehem het eenkeer verskyn en nooit weer nie, maar Jesus Christus is vir altyd God en mens.

Die grafte het net eenkeer met 'n aardbewing oopgegaan en mense het weer lewend geword, maar Christus is vir ons altyd die Here wat vir ons gekruisig was, gesterf het en uit die dood uit opgestaan het.

Christus maak God se belofte seëninge in ons

Die engele het net een keer Jesus se hemelvaart verduidelik, maar hy is vir altyd mens in die hemel en net so: die geluid van 'n stormwind, die beeld van vlamme tonge en die taalwonder van Pinkster het nie een keer gebeur maar Jesus is vir altyd die Christus wat die Heilige Gees ontvang het en elke dag vir ons gee.

Christus laat ons deel in wie Hy is vir altyd, maar die tekens van sy heilswerk gaan nie weer gebeur nie.

2. Jesus Christus gee die Heilige Gees nie net een keer nie!

Die uitstorting van die Heilige Gees soos in Handeling 2 beskryf gaan oor God wat Jesus Here en Christus gemaak het. (2: 36) God regeer sy kerk op 'n nuwe wyse: deur Jesus Christus wat die Heilige Gees ontvang en gee. Dit is die besondere van Pinkster – dit is die begin van God se nuwe regering wyse deur Jesus wat Here en Christus is. Jesus is die Here. Dit is Hy is self die Verbondsgod soos openbaar in die Ou Testament, en só is die Here self die Christus. Die Here het nie vir ons 'n Christus gestuur nie. Hy het self vir ons die Christus kom word en regeer nou só ons, sy kerk, as Here én Christus.

Die nuwe wyse waarop God ons regeer is deur Jesus wat die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang en uitgestort. Die belofte van die Heilige Gees is die belofte van God aan Abraham. Dit is hoe dit in Esegël 36: 24 – 28 beskryf word. Die belofte van die Gees is die belofte dat God ons as sy kerk uit al die nasies sal versamel, ons van ons onreinheid en afgode sal reinig, 'n nuwe hart en gees in ons binneste sal gee, ons ou hart sal verwyder en sy Heilige Gees in ons binneste sal gee sodat God só God met ons en ons sy kinders met Hom sal wees.

Hierdie is die belofte wat Christus van die Vader ontvang het. Al hierdie ondernemings vorm saam die belofte van die Heilige Gees en was van Abraham God se verbond met sy volk. Die verbondsbelofte en die belofte van die Heilige Gees is identies. Dit is een en dieselfde belofte.

Hoe stort Christus hierdie belofte uit? Hy maak dit eerstens deur sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart geldig en tweedens maak Christus hierdie belofte waar en werklik binne in ons. Dit is wat Paulus - Jesus maak God se belofte seëninge binne in ons. (Efe. 1:3)

3. Christus maak God se belofte waar en geldig binne in ons en ons lewe deur die Heilige Gees. Pinkster is die oesfees. Die grootste probleem wat boere met oeste het is dat hulle die oeste produseer na hulle die oes bewerk en gepluk het, en dan word hulle oes die eiendom van ander mense wat die verspreiding en bemarking van die vrugte hanteer. Ander mense bedryf besigheid met hulle oeste! Dit is die rede hoekom die boere wat die vrugte produseer baie min kry vir hulle werk want ander bemark en versprei die oes tot binne in mense se huise.

Die oplossing vir hierdie probleem is dat die boere self die verspreiding tot in mense se huise moet onderneem. Dit is presies wat Christus op Pinksterdag bewerk! Hy het al die vrug van verlossing deur sy werk, sy geboorte, kruisiging, dood, opstanding, en hemelvaart bewerk. Met Pinkster word Christus die Here wat die vrug van sy werk tot binne in ons en ons lewe bring. Die Here wat die belofte van God geldig gemaak het, maak dit waar en werklik binne in ons en ons lewe. Dit is wat Paulus

Christus maak God se belofte seëninge in ons

aankondig dat Jesus Christus die beloftes van die Vader seëninge in ons maak. Dit doen Christus elke dag deur die Heilige Gees.

Presies alles wat Jesus deur sy lyding en opstanding bewerk het, maak Hyself deur die Heilige Gees, seëninge in ons. Daarom noem Paulus hierdie seëninge die seëninge wat daar in die hemels is. Dit is die hemel waarheen Christus as mens opgevaar het en die seëninge is alles wat Hy as mens gedoen het en vir ons is, waarin die Heilige Gees ons laat deel omdat die Heilige Gees ons verenig met wie Jesus as mens in die hemel is.

4. Paulus noem in Efe. 1: 3 – 14 hierdie beloftes wat Jesus seëninge in ons lewe gemaak het op: uitverkies om heilig en onberispelik in God se liefde te wees, kinders van God te wees en om te deel in die vergifnis van sonde. Hierdie is nie meer net seëninge in die hemel nie. Deur die Heilige Gees maak Christus wat Hy in die hemel as mens is en bewerk binne in ons die waarheid: Hy het kindskap van god bewerk en maak ons in onself werklike kinders van God op aarde; Hy het vergifnis bewerk en laat ons binne sy vergifnis leef; Hy het heiligheid en onberispelikheid bewerk met sy dood en opstanding, en maak ons werklik mense wat op aarde vir God volkome heilig en onberispelik is; Hy het god se liefde vir sondaars bewerk en laat god se liefde 'n werklikheid binne in ons en ons lewe wees.

Daarom word die Heilige Gees die waarborg van ons erfenis genoem. (Efe. 1:14) Hy is die waarborg dat die oes wat Christus bewerk het, binne in ons waar en werklik is. Hy is die Persoon wat die vrug van Christus in die hemel, die vrug van Christus in ons lewe is. Daarom is geloof in Christus nooit net geloof in wat Hy vir ons aan die kruis en in die hemel gedoen het nie maar geloof dat Hy deur die Heilige Gees alles wat Hy gedoen en bewerk het binne ons in waar en werklik laat wees. Ons glo in wat Christus vir ons gedoen het en wat Hy vir ons is, en ons glo ook in die Heilige Gees wat Christus aan ons gee – die Gees laat alles waar en werklik binne in ons wees: heilig en onberispelik vir God, vergewe en binne God se liefde!

Die oes is in ons afgelewer. Dit is nie maar net op die plaas geproduseer waar ons dit self moet gaan haal nie.

Christus regeer op hierdie nuwe wyse! Hy regeer nie aan die regterhand van God deur nuwe wette en regulasies op te stel en af te ding nie. Hy regeer deur die Heilige Gees te ontvang en uit te stort. Hy regeer deur God se beloftes deur die Heilige Gees seëninge binne in ons te maak.

5. Die Heilige Gees is die Gees wat Jesus Christus op sy troon aan die regterhand van die Vader in die hemel ontvang en gee. Die Heilige Gees is nie die goddelike gees van mense wat op die troon van Moses sit nie.

Die Here openbaar in Mat. 23 dat die spirituele leiers van hierdie wêreld op die troon van Moses sit “Die Fariseërs een Sadduseërs sit op die stoel van Moes” (1953/2022 vertaling) Dit is hulle self geskepte magposisie om vir ander mense spirituele vaderfigure, leermeesters en leiers te wees. Hulle sien hulle self as mense wat deur God bemaagtig is om God se liefde as vaderfigure, leermeesters van God se wet en leiers in God se besluite vir ander mense te wees. Hulle sien hulle self as tussengangers tussen God en mense in wie mense alles wat God is kan ervaar en

Christus maak God se belofte seëninge in ons

alles wat God gee kan ontvang. (Gal 3:19) Dit is hoe hulle op die troon van Moses sit – met die mag om God en sy gawes te bemiddel.

Wat doen hulle op hierdie self gemaakte troon? Hulle maak nuwe spirituele wetten en regulasies wat hulle op mense afdwing as voorwaardes om God en sy gawes te mag ontvang.

Volgens ons voorbeeld van boere en bemarkers sien spirituele mense hulle self as God se bemarkers en verspreiders. Hulle is mense wat God en sy gawes bemerk en versprei. Hulle maak die hemelse dinge van Christus deel van jou lewe as jy aan hulle nuwe spirituele wetten gehoorsaam is, net soos die Fariseërs en Sadduseërs in Mat. 2: 13 – 39. So maak hulle of Jesus alles gedoen het om God se beloftes in die hemel geldig te maak, maar jy moet aan hulle spirituele wetten gehoorsaam wees voor Christus se hemelse gawes in jou lewe waar en geldig is. So verkondig hulle 'n nuwe gees wat Jesus se gawes waar en werklik in mense se lewens maak – hulle goddelike gees. Hulle glo nie Christus maak God se beloftes seëninge binne in jou deur die Heilige Gees nie. Hulle maak met hulle goddelike gees en hulle spirituele wetten die hemelse gawes waar en werklik in jou lewe. So is hulle God se tussengangers op aarde – die bemarkers van Jesus se vrugte.

6. Ons moet die onderskeid tussen die Heilige Gees wat Christus ontvang en gee en die goddelike gees van spirituele leiers kan onderskei. Die goddelike gees van spirituele leiers is 'n goddelike krag waardeur jy deel kry aan die goddelike dinge van God in die hemel. Hierdie goddelike dinge is God se sogenaamde drome, krag, mag, outoriteit, planne, lewe, besluite, persoon en wil. Hulle sien Jesus as 'n mens wat na sy dood 'n goddelike gees geword het sodat jy deur hierdie goddelike gees deel van God se goddelike dinge kan word. Hierdie is die goddelike gees van die spirituele leiers wat op die troon van Moses sit.

Christus is nie 'n spirituele leier nie, maar self Here, God self en só is god, nie 'n menslike tussenganger nie, self die Christus aan die Vader se regterhand. Jesus Christus die Here ontvang en gee aan ons die Heilige Gees, self God, nie 'n menslike goddelike gees nie.

In die Nagmaal ontdek ons die onderskeid tussen die Heilige Gees wat Christus gee en spiritueles se gewaande goddelik gees.

Die Heilige Gees is die Gees van die brood en wyn van die Nagmaal. Hy verenig ons met wie Christus as mens van vleis en bloed in die hemel is. Hy verenig ons nie met die sogenaamde goddelike gees van Jesus nie. Die Heilige Gees is die Gees van die Nagmaalsbeker: die nuwe verbond deur die bloed van Jesus. (1 Kor.11: 25) Hy maak die verbondsbeloftes van die Vader die seëninge van die Gees in ons lewe. Hy maak ons nie deel van god se goddelike dinge nie.

Die Heilige Gees is die Gees wat ons deel maak van die gebreekte liggaam en uitgestorte bloed van Jesus in ons plek. Hy is nooit die gees wat ons menslikheid breek met oorgawes, onderwerping, ondergeskiktheid en gediensdigheid aan God soos hulle wat op Moses se troon sit dit van ons eis nie. Die Heilige Gees is die Gees wat ons die brood en wyn laat eet: Hy maak alles wat Christus as mens in die

Christus maak God se belofte seëninge in ons

hemel s'n is myne en alles wat ek as sonbaar op aarde is Christus s'n sodat ek as mens heilig, smetloos, skuldloos en onberispelik in God se liefde leef.

Hy maak al God se beloftes seëninge wat waar en werklik is in ons lewe elke dag. Christus bedryf en versprei sy oes, nie spirituele bemarkers met hulle goddelike geeste nie.